

# GEDIG VOORDRAG KOMPETISIE. 2026

NUKLEUS
KULTUUR

## GRAAD 5 GEDIGTE:

### SPRINGMIELIES

Ons gooi die mielies in die pot
en sit die deksel op.
Ons draai die plaat op hoogste graad
en luister vir die eerste skop.

Hoor jy die mieliepitte spring
en teen die deksel klap?
Nes hael wat op die sinkdak val:
Klakke-latte! Klakke-lap!

Ons haal die deksel suutjies af . . .
Dalk maak dit nog amok!
Dáár lê die pitte oopgebars,
spierwit, net soos kapok.

Ons strooi daar sout of suiker oor
en gooi dit uit die pot.
Dan gryp ons handevol daarvan
en eet dit met genot.

*deur Nic J Strydom*

**BESOEK**
**WWW.NUKLEUS.CO.ZA/KULTUUR-KOMPETISIES**
**OM IN TE SKRYF**





## ONDER DIE DORINGBOS

Weet jy hoeveel goggas jakker
daar onder in die doringbos?
Almal besig, op en wakker —
want bababekkies wag vir kos.

Wikkel-pote, stampe-stote.
“Staan opsy, jy pla vir my!”
Ogies loer en voelers roer;
een vir een draf hul verby.

Weet jy hoeveel goggas rus nou,
waar blare ritsel in die nag?
Grondkombersies, vuurvliegkersies —
babagoggas sluimer sag.

Sou die mammas ook, ek wonder,
al is hulle moeg en vaak,
in hul gaatjies diep daar onder
by hul siek klein babas waak?

*deur Bettie Aucamp*





## LEKKERBEK

'n Lekkerbek is ek.
Ja glo my, ek is gek
oor moltone op koue rys
of mosterdsous oor muishondvleis.

Die beste, ja, my gunstelingdis
is slym en vla oor warm vis,
of wat van kerriemier reg ingemaak
met spoor van slak en vlermuisplaak?

Vir nagereg wil ek graag hê:
vliegvlerk goed ingelê,
muskietboud in diep vet gebraai,
gerol in suiker, koud gewaai,
of kathare in melk gedoop
met jellievis en gouestroop.

Maar waarvan ek nog méér sou hou
is net één hap, selfs net die geur
van daai heerlike sappige peer van jou!

*deur Jan Esterhuise en Tobea Brink*